MEI 2022 | VOL.5

VRYSTAAT LANDBOU NUUSBROKKIES

VEEDIEFSTAL

Voorkoming en bekamping

Inligting vanaf die polisie dui daarop dat veral kalwers onder die ouderdom van 6 maande deur veediewe geteiken word, aangesien die diere volgens wetgewing nie getatoeëer hoef te wees nie. Daar blyk ook ’n toename in die diefstal van boerbokke te wees.

Boere word versoek om alle veediefstal insidente en -sake by die polisie aan te meld asook hul veiligheidsverteenwoordiger in te lig. Mev Isabel Kruger of dr Jane Buys van Vrystaat Landbou kan ook gekontak word.

Boere word sterk aangeraai om hul diere te tatoeër/brandmerk en gereeld te tel. Waar kameranetwerke in landelike gebiede opgerig is, word die beweging van vee dopgehou, veral op die roetes na Gauteng en KwaZulu Natal. Bakkies met sleepwaens, trokke en veral koeltrokke word dikwels gebruik om die vee te vervoer.

Inligting vanaf die polisie dui daarop dat veral kalwers onder die ouderdom van 6 maande deur veediewe geteiken word, aangesien die diere volgens wetgewing nie getatoeëer hoef te wees nie

VEILIGHEID

Plaaswagte en beheerkamers kan deel vorm van E2-projek

Die E2-projek is in 2019 van stapel gestuur toe privaat sekuriteit- en -besighede die polisie genader het om as “oë en ore” op die grond misdaad beter aan te spreek. Daar is alreeds meer as 200 privaat sekuriteitsmaatskappye in die land wat deel vorm van die projek en wat ’n voetspoor in die polisie se ProvJOC of NatJOC het.

Oral waar beheerkamers deur boereverenigings of gebiedskantore bedryf word, en die beheerkamers PSIRA geregistreer is, kan hul inskakel by die E2-projek.

Deelname aan die E2-projek beteken dat die polisie op provinsiale vlak in ernstige voorvalle van misdaad om aktivering versoek kan word. Dit beteken ook dat alle privaat sekuriteitsmaatskappye dadelik die “oë en ore” word en ook aktiveer ten einde die voertuig/ misdadiger wat betrokke was by die misdaad, op te spoor.

Vir enige navrae, kan u dr Jane Buys kontak by **jane@vslandbou.co.za**

JAARKONGRES

*Vrystaat Landbou bied op **3 & 4 Augustus 2022** ons Jaarkongres in Bloemfontein aan.*

Die Kongres is die hoogste gesag van VL en word lede aangemoedig om deel te neem.

Landbouverenings word versoek om afgevaardigdes so gou moontlik te registreer.

Enige navrae kan gerig word aan cynthia@vslandbou.co.za

Golfdag vir veiligheid

Agriculture.golf bied op **23 September 2022** ‘n golfdag aan by die Bloemfontein Golfklub ten bate van VL se Landelike Veiligheid .

Die geleentheid bied aan die privaatsektor, georganiseerde landbou asook Vrystaat se gemeenskappe en organisasies die kans om hande vat om die veiligheid van boerderygemeenskappe aan te spreek.

Landbouers is baie welkom om die geleentheid by te woon. Vir enige navrae kan Elize by VL gekontak word by **elize@vslandbou.co.za**.

VRYSTAAT PAAIE

"Ter wille van oorlewing en ter wille van ons kinders."
Daarom, meen Friedl von Maltitz, vise-president van Vrystaat Landbou, word ons byna gedwing om nog ’n staatsfunksie oor te neem.
Na afloop van ’n teleurstellende vergadering met die top politiese struktuur in die Vrystaat om die paaie krisis aan te spreek , het VL besluit dat ons self aksie gaan moet neem indien die probleme met die paaie oorkom wil word.

Vrystaat Landbou sal egter voortgaan om openbare druk op die Premier en verantwoordelike amptenare te handhaaf om paaie reg te maak.

Vrystaat Landbou het 'n memorandum op 31 Mei 2022 aan die Premier oorhandig waarin die provinsiale regering se onmiddellike optrede regoor die provinsie geëis word.
Lees meer

VOORLEGGING OOR PAAIE

Vrystaat Landbou het op 18 Mei 2022 'n voorlegging aan die Vrystaatse Uitvoerende Komitee gedoen oor die probleme met die paaie en sisteem probleme in die departement van paaie. VL se voorlegging is **hier** beskikbaar.

Dr Jack Armour het aan die komitee 'n lys oorhandig met die mees kritiese paaie vir dringende korttermyn aandag. Die lys kan **hier** afgelaai word.

#VrystaatPaaie

VL het intussen ’n veldtog geloods om fondse in te samel om boere te help wie noodgedwonge iets moet doen om hulle paaie toeganklik te kry sodat plaasprodukte op die verbruikers se etenstafel kan kom.

Die skakel na die veldtog is: https://vrystaatlandbou.co.za/fix-our-roads-fix-our-future/

JONGBOER 2022

Jaco Burger (34) van Wepener is op 7 April as Vrystaat Landbou se 26ste Jongboer van die Jaar aangewys.

Jaco boer reeds die afgelope 13 jaar in die Wepener-area, waarvan 4 jaar op sy plaas langs die Lesothogrens is. Hy is veral trots op sy Dohne-Merino-stoet, J.L Trinity, wat in 2017 geregistreer is.

Benewens sy betrokkenheid by georganiseerde landbou as lid van Wepener boerevereniging, is Jaco ook lid van die brandvereniging en neem gereeld aan die wit/bloulig patrollies saam met die SAPD deel.

Diensverskaffers

Ons wil graag vir lede meer waarde toevoeg en het daarom 'n platform op ons webtuiste geskep waar instansies wat 'n diens/ produk vir die landbousektor aanbied, kan registreer.
Kontak elana@vslandbou.co.za indien u meer te wete wil kom.

#helpbrandestop

Agri Relief Foundation daag alle dieregesondheid besighede uit om die Agri Relief Foundation by te staan om proaktief op te tree om brande te help stop.
Hulle moedig instansies aan om R15 000 vir petrol blasers of een vuurvegter te skenk wat tussen Vrystaat Landbou en Agri Noord-Kaap versprei sal word voor die veldbrand seisoen begin!

BAIE DANKIE!